



www.stellenboschwes.co.za

Maleagi 1

*Maleagi beteken boodskapper.
Ons weet baie min oor die mens Maleagi.
Die boek dateer uit die 5de eeu voor Christus
nadat die tempel reeds herbou was.
Edom was die volk wat van Esau afgestam het
en niks van die Here wou weet nie.*

Stiltetyd en gesin

Maandag 29 Oktober: Lees Maleagi 1:1

- Die Here praat deur mense. Hoe ervaar jy dit?
- Hoekom is die Heilige Gees belangrik as ons die Woord van God probeer verstaan?

Gebed: Bid vir leiding van die Heilige Gees om die Here se stem te verstaan.

Dinsdag 30 Oktober: Lees Maleagi 1:2,3

- Hoe weet jy die Here is lief vir jou?
- Hoekom het die Here vir Esau gehaat?

Gebed: Sê dankie vir die Here se liefde.

Woensdag 31 Oktober: Lees Maleagi 1:4

- Wat bedoel ons as gesê word dat die Here 'almagtig' is?
- Hoe kan hierdie vers die Israeliete vertrous gegewe dat Edom hulle vyand was?

Gebed: Loof die Here vir Sy almag.

Donderdag 1 November: Lees Maleagi 1:5

- Hoekom is dit belangrik dat die Here se grootheid ook buite die grense van Israel gesien word?

Gebed: Loof die Here vir Sy grootheid.

Vrydag 2 November: Lees Maleagi 1:6-8

- Wat is fout met minagting?
- Het die Here dit nodig om geëer te word?

Gebed: Vra vergifnis vir ons minagting.

Saterdag 3 November: Lees Maleagi 1:9-11

- Hoekom wou die Here nie gesteelde lam of siek diere as offers hê nie?
- Moet ons ook offers bring?

Gebed: Vra die Here watter offers Hy graag wil hê jy vir Hom moet bring.

Sondag 4 November: Maleagi 1 Preek

- Bespreek die preek by die huis:
- Wat het jy geleer?
- Waaroor wonder jy nog?
- Wat kan jy na die Here in gebed bring?
- Hoe gaan jy hierdie week die preek uitleef?

Kleingroep | Bybelstudiegroep | Wyksbyeenkomste | Kategese

1. Lees Maleagi 1 en kies 1 vers wat jou die meeste opgeval het en praat kortliks daaroor.
2. Iemand sê eenkeer vir Spurgon: ek verstaan nie dat die Here Esau moes haat nie! Spurgon het geantwoord: ek verstaan nie dat die Here vir Jakob lief gehad het. Dink bietjie na oor hierdie vraag en antwoord. Lees ook Rom. 9:13-18 in die verband.
3. Lees Hebreërs 10:5-18. Watter verskil maak die koms van Christus?
4. Wat beteken dit dat die Here almagtig is?

Maleagi 1

Maleagi 2

Stiltetyd en gesin

Maandag 5 November: Lees Maleagi 2:1-3

- Wat was die priesters se opdrag volgens Lev 10:10-11 en Deut 17:9?
- Wat is die Here se beoordeling van die priesters in v2b? En sy oordeel volgens v3?

Gebed: Bid vir leiërs om die leiding van die Heilige Gees te verstaan, te ervaar en daarop te reageer.

Dinsdag 6 November: Lees Maleagi 2:4-7

- Wat was die belofte wat God deur Moses aan die priester geslag van Levi gegee het? (vgl. Num 25:11-13)
- Wat was die priesters se taak volgens v5-7?

Gebed: Bid vir kennis en onderskeidingsvermoë.

Woensdag 7 November: Lees Maleagi 2:8-9

- Wat het gebeur terwyl die priesters hulle taak uitgevoer het?
- Wat het die priesters in Maleagi se tyd gedoen? (v8)

Gebed: Bid dat die Here ons sal lei om op die regte pad te bly.

Donderdag 8 November: Lees Maleagi 2:10-12

- Waarop maak die Here deur Maleagi in v10a 'n appèl? (vgl. Jer 2:27)
- Wat beteken hierdie gedeelte vir jou en jou kinders se keuse van 'n lewensmaat?

Gebed: Bid vir huwelike en getrouheid aan die Here.

Vrydag 9 November: Lees Maleagi 2:13-16

- Wat was die gevolg van die mense se ontrouheid in hulle huwelike volgens v15? Hoe stel Petrus dit in 1 Pet 3:7?
- Is egskeding net 'n daad wat in die hof plaasvind? (vgl. Matt 5:27)

Gebed: Bid om vergifnis en genade.

Saterdag 10 November: Lees Maleagi 2:17

- Waarmee het die volk die Here volgens Jes. 43:24, moeg gemaak?
- Wat kan ons aflei uit die volk se teenvraag?

Gebed: Bid vir reg en geregtigheid.

Sondag 11 November: Maleagi 2 Preek

Bespreek die preek by die huis:

Wat het jy geleer?

Waaroor wonder jy nog?

Wat kan jy na die Here in gebed bring?

Hoe gaan jy hierdie week die preek uitleef?

Maleagi se vertrekpunt is God se liefde. Die volk het op daardie stadium ekonomies baie swaar gekry. Hulle was ook onder konstante druk van die volke wat intussen die land beset het. Maleagi 2 begin met 'n besluit van die Here wat tot die priesters gerig is (Maleagi 2:1-9). Die besluit is 'n voorwaardelike vonnis. As die betrokkenes nie hoor en hierdie saak ter harte neem (tot bekering kom) nie, gaan die besluit in werking tree.

Die Here het Israel op 'n besondere manier geroep om op 'n baie wonderbaarlike wyse sy volk te wees. Die Israeliete word dus daarop gewys dat hulle op hierdie besondere manier in 'n kindsverhouding tot die HERE staan.

1. Lees Maleagi 2 en kies 1 vers wat jou die meeste opgeval het en praat kortliks daaroor.
2. Hoe moet ons hierdie gedeelte verstaan in die lig van 1 Pet 2:9-10, wat vir elke gelowige geld?
3. Wat leer ons hier oor die optrede van mense met groter verantwoordelikhede, soos leiers?
4. Is daar iets spesifiek wat ons moet doen sodat reg en geregtigheid sal geskied, soos God dit van ons vra?

Maleagi 2

Maleagi 3

Stiltetyd en gesin

Maandag 12 November: Lees Maleagi 3:1-3

- Wie is die boodskapper wat gaan kom?
- Hoe sal hy optree volgens v2-3? Wat sê dit vir ons van God?

Gebed: Loof die Here vir Sy ingrype en liefde.

Dinsdag 13 November: Lees Maleagi 3:4-5

- Wat sal die Here self in die tyd doen volgens v5?
- Wat is die Here se doel met hierdie proses volgens vers 3(b), vers 4 en vers 5(d)?

Gebed: Bid om vergifnis waar ons mense verontreg.

Woensdag 14 November: Lees Maleagi 3:6-7

- Wat het die volk sedert hulle voorvaders se tyd gedoen? (v7)
- Waartoe word die volk (nou weer!) opgeroep?

Gebed: Bid dat ons getrou sal bly aan die Here se voorskrifte.

Donderdag 15 November: Lees Maleagi 3:8-12

- Wat noem die Here dit as 'n mens nie 'n offergawe gee nie? (v8a). Hoekom? (vgl. Ps 24:1)
- Hoe verstaan ons regtig die belofte van die Here (v 10) dat ons Hom moet toets?

Gebed: Loof die Here vir Sy guns en voorsiening.

Vrydag 16 November: Lees Maleagi 3:13-15

- Waaroor verwyt die Here die volk in v13?
- Wat is die redes hiervoor volgens v14-15?

Gebed: Bid om vergifnis vir ons minagting.

Saterdag 17 November: Lees Maleagi 3:16-18

Ons sien hier vir die eerste keer positiewe reaksie van die volk se kant af (v16) en dat die Here onmiddellik gunstig hierop reageer (v17-18).

- Watter mense het positief gereageer?
- Wat het hulle gedoen?
- Watter 3 dinge belowe die Here aan hierdie mense? (v17-18)

Gebed: Bid dat ons sal eerbied hê vir die naam van die Here.

Sondag 18 November: Maleagi 3 Preek

- Bespreek die preek by die huis:
- Wat het jy geleer?
- Waaroor wonder jy nog?
- Wat kan jy na die Here in gebed bring?
- Hoe gaan jy hierdie week die preek uitleef?

1. Lees Maleagi 3 en kies 1 vers wat jou die meeste opgeval het en praat kortliks daaroor.
2. Voel jy soms dat dit geen materiële voordele bring om 'n Christen te wees nie? Dat dit beter gaan met ongelowiges as met jou?
3. Bespreek die volgende stelling: Levi was aanvanklik bedoel om 'n swerwer te wees – Jakob het hom vervloek (Gen 34:25) – en tog het God hom as priester gesëen. Net so is ons 'wat vroeër geen volk was nie, nou die volk van God – koninklike priesterdom'.
4. In die lig van 1 Pet 2:9,10; Open 1:6 en 20:6 (lees dit in die groep), wat is die betekenis van die opdragte in v6b en 7 vir jou?
5. Watter betekenis het die oproepe en beloftes in Maleagi 3 vir jou daaglikse geloofslewe?
6. Wat beteken hierdie gedeelte in besonder vir ampsdraers in die kerk? En vir jou wat saam met hulle werk in die Koninkryk?

Maleagi 3

Maleagi 4

Die verbintenis tussen die son en geregtigheid is baie oud en vind 'n mens in baie godsdienste.

Stiltetyd en gesin

Maandag 19 November: Lees Maleagi 4:1

Hoekom word die dag wat die Here kom vergelyk met 'n oond?

Wat beteken dit om teen die Here in opstand te kom?

Gebed: Bid vir dié wat teen God in opstand is.

Dinsdag 20 November: Lees Maleagi 4:2

Hoekom is die kontras tussen vers 1 en 2 so groot?

Watter gedagtes roep die woorde van 'vry wees' en 'genesing' in jou op?

Gebed: Vra die leiding van die Heilige Gees om die Here met eerbied te dien.

Woensdag 21 November: Lees Maleagi 4:3

Na wie verwys die teks as dit praat van 'goddeloses'?

Watter gedagtes bring die woord 'vertrap' by jou op?

Gebed: Bid Psalm 103:13-19

Donderdag 22 November: Lees Maleagi 4:4

Hoekom is dit belangrik om die wet te onthou?

Watter rol speel die wet na Christus se koms?

Gebed: Sê dankie vir die wet wat die Here gegee het en in Jesus vervul het.

Vrydag 23 November: Lees Maleagi 4:5

Wat sou die Here bedoel wanneer Hy sê dat hy Elia sal stuur?

Gebed: Bid vir profete soos Elia.

Saterdag 24 November: Lees Maleagi 4:6

Hoekom is versoening belangrik?

Wat beteken versoening vir Suid Afrika?

Gebed: Bid vir versoening in Suid-Afrika.

Sondag 25 November: Maleagi 4 Preek

Bespreek die preek by die huis:

Wat het jy geleer?

Waaroor wonder jy nog?

Wat kan jy na die Here in gebed bring?

Hoe gaan jy hierdie week die preek uitleef?

Kleingroep | Bybelstudiegroep | Wyksbyeenkomste | Kategese

1. Lees Maleagi 4 en probeer almal in een woord sê watter emosie die teks by jou oproep.
2. Hoe verklaar jy die kontras tussen vers 1 en 2?
3. Sien jy uit na die dag wat Jesus weer kom? Dink ook aan ander bybeltekste in die verband.
4. Reageer op die volgende uitspraak: 'die wet moet elke Sondag gelees word'. Stem jy saam?
5. Lees Johannes 1:21 en Mat. 17:10-13. Johannes ontken hy is Elia maar hoe moet ons dan Maleagi 4:5 verstaan?
6. Wat moet ons onder 'versoening' verstaan en wat beteken dit vir Suid-Afrika?
Bid saam en bring ook dit waaroor julle gepraat het, in julle gebed na die Here.